Neem, lees!

DIRKIE SMIT

Mense word aangeraak deur die lees en hoor van die Bybel, deur daaroor na te dink en met ander daaroor te praat en deur die verhale van hoe dit ander getroos, besiel en versterk het. Deur die Woord hoor ons Gods Woord.

Deur die eeue het die kerk dié ervaring op verskillende wyses probeer verwoord: deur beelde, uitdrukkings, vergelykings, metafore, baie daarvan aan die Bybel self ontleen. Elkeen van hierdie beelde beklemtoon 'n ander aspek van hierdie één ervaring, dat God met ons praat deur die Woord. In hierdie reeks word nagedink oor vyf van dié beelde, wat elkeen 'n ander aspek van die wonderbare werking van Gods Woord probeer uitdruk – die Woord as spieël, as stem, as bril, as lamp en as huis.

Hoe lees en verstaan ons die Bybel vandag? Hoekom lees ons die Bybel vandag? Behoort ons dit nog te doen en kan ons dit nog doen, gegee die nuwe, vreemde, snel veranderende tye waarin ons leef?

Dis die jaar 386 in Milaan, Italië. Augustinus, die beroemde retoriek-professor uit Noord-Afrika en sy twee vriende Alypius en Ponticianus gesels. Ponticianus sien die Nuwe-Testamentiese geskrifte op 'n tafel lê en vra of Augustinus 'n Christen is. Augustinus erken dat ondanks die feit dat sy moeder Monika toe lank reeds vir hom bid en alhoewel hy baie geïnteresseerd is in die Christelike leer, is hy nie 'n gelowige nie. Hy kom nie so ver om sy weë te verander nie, hoofsaaklik omdat hy sy lewenswyse van sukses, roem, plesier en selfsoeke nog te liefhet.

Dan vertel Ponticianus van sy eie vroeëre ontdekkking van die Christelike geloof. Terwyl hy in diens was van die Romeinse keiser het hy as deel van die keiser se gevolg in 'n huis tuisgegaan waar hy 'n boek gelees het oor die lewe van Antonius, die bekende vroeë gelowige uit Egipte. Antonius het weer die Christelike geloof aanvaar toe hy by geleentheid in 'n kerk geland het en gehoor het hoe daar voorgelees word uit die Evangelie van Matteus. Die woorde het hom so diep aangespreek en ontroer dat hy dit toegeëien het en 'n navolger van Jesus Christus geword het. Sy hele lewe het ingrypend verander.

Toe Augustinus die verhale hoor van mense wie se lewens radikaal en wonderbaar verander is deur wat hulle gelees en gehoor het, was hy hewig ontsteld. Hy het opnuut leeg, verward, vol verlange en hunkering gevoel na dit wat hulle klaarblyklik gehoor en ontdek het en wat hulle met lewensveranderende vreugde beleef het.

> Sy hele lewe het ingrypend verander.

Hy het opgestaan, na die tuin gegaan om alleen te wees en onder 'n vyeboom in trane uitgebars. Toe hoor hy 'n stem. Iewers in 'n nabygeleë huis hoor hy 'n kind sing – herhalend, 'n refrein. "Soos tydens 'n kinderspeletjie," dink hy, "behalwe dat daar nie 'n spel is met so 'n refrein nie." Hy kon nie uitmaak of dit 'n meisie of 'n seun is nie, maar die woorde hoor hy duidelik. *Tolle, lege*. *Tolle, lege*. Neem, lees. Neem, lees.

Dit was asof Augustinus geweet die woorde is

vir hom bedoel. Hy het omgedraai en in die huis begin om die Nuwe-Testamentiese boeke te lees, by Rom 13:13 en verder.

Die res van die verhaal is bekend. Hy het homself dadelik in dié woorde van Paulus gesien. Hy hoor die Romeine-brief met homself praat. Hy kom tot geloof – tot vreugde van sy ma, as hy haar dit later vertel. Hy het waarskynlik die grootste denker en teoloog wat die Christelike kerk al opgelewer het, geword.

Deur die eeue sou dié ervaring hom telkens herhaal. Dis die ervaring van Antonius, Ponticianus, Augustinus en van der-duisende voor hulle en derduisende na hulle. Dis die ervaring van bekendes soos Martin Luther in die toring by Erfurt, Calvyn en John Wesley, op 'n dag in Londen in die St Paul's katedraal. Dis die ervaring van onbekendes, gewone mense, deur die eeue heen, vandag nog, regoor die wêreld. Dis die ervaring van mense wat deur die lees van die Woord diep aangeraak word, tot geloof kom en in die geloof versterk word. Mense se lewens word vernuwe: soms soos Augustinus s'n radikaal, eensklaps en dramaties, maar soos talle ander mense deur daagliks te voel hulle word gedra, begeester, vertroos en versterk.

Deur die Woord hoor ons Gods Woord.

Dis die ervaring van die kerk van alle eeue en alle plekke. Mense word aangeraak deur die lees en hoor van die Bybel, deur daaroor na te dink en met ander daaroor te praat en deur die verhale van hoe dit ander getroos, besiel en versterk het. Deur die Woord hoor ons Gods Woord.

Deur die eeue het die kerk dié ervaring op verskillende wyses probeer verwoord: deur beelde, uitdrukkings, vergelykings, metafore, baie daarvan aan die Bybel self ontleen. Elkeen van hierdie beelde beklemtoon 'n ander aspek van hierdie één ervaring, dat God met ons praat deur die Woord. In hierdie reeks word nagedink oor vyf van dié beelde, wat elkeen 'n ander aspek van die wonderbare werking van Gods Woord probeer uitdruk – die Woord as spieël, as stem, as bril, as lamp en as huis.

SPIEËL

Lees: Jak 1:21-25; 1 Kor 13:8-13; 2 Kor 3:12-18.

Die Woord is soos 'n spieël. In al drie dié Skrifgedeeltes (wat telkens uit sleutelhoofstukke in die betrokke Briewe kom) word hierdie merkwaardige beeld doelbewus en berekend gebruik, alhoewel elke keer met 'n ander betekenis, 'n eie punt en toepassing.

In die bekende 1 Kor 13, die loflied op die Christelike liefde, lê die klem op die raaiselagtige, die dowwe, die onbegryplike. Spieëls was destyds meestal metaal wat blink gepoets is, nie soos hedendaagse spieëls van glas nie. Alhoewel 'n mens dus 'n beeld daarin kon sien – en dit was vir hulle al wonderbaar en boeiend – bly dit nog maar dof, gebroke, nie glashelder nie, maar raaiselagtig. Hulle sien soos in 'n spieël, 'n raaisel, skryf Paulus.

Juis daarom word ons geroep tot die liefde as die een manier van lewe wat alle ander oortref, want ons begryp nog so min, ons dwaal so maklik, ons oordele is so gou misplaas en verkeerd. Wat weet en begryp ons nou eintlik van onsself, die lewe, mekaar, ons naaste of van God? God ken ons deur en deur, helder, sonder enige verborgenheid, tot in die diepste skuilhoeke van ons vrae en ons vrese en ons node – maar ons ken nog nie so nie. Ons ken ten dele. Eendag sal ons ten volle ken en sien soos God ons nou reeds ken, maar ons is nog nie daar nie. Ons staar nog in 'n dowwe spieël. Ons staar nog vas

teen die raaisels, vrae, onbegryplikhede en verborgenheid, ook van ons naaste. Daarom is al wat hier vir ons oorbly die verdraagsame, geduldige, genadige, vergewende liefde, wat 1 Kor 13 so aangrypend beskryf.

In Jak 1 lê die klem anders. Hy gebruik die beeld met 'n ander bedoeling en toepassing. As ons in die spieël kyk, sien ons tog wel iets: 'n beeld, onsself. As ons die Woord hoor, is ons soos mense voor wie 'n spieël gehang word – ons sien iets van onsself. Ons sien wie ons waarlik is, wat ons regtig doen en hoe ons inderwaarheid leef. Die Woord wys vir ons wat ons self nie oor onsself geweet het nie. Ons ontdek in die spieël onsself, skryf Jakobus. Eeue later sou N P van Wyk Louw hierdie soort gebruik van die beeld opneem in sy aangrypende *Ballade van die Bose*, en vra: Het jy in die spieël gesien, en ken jy jou?

In 2 Kor 3 lê die klem weer anders. As ons in die spieël van die Woord kyk, sê Paulus, sien ons vir Christus. Maar dis 'n vreemde, merkwaardige soort spieël, suggereer hy met moeilik vertaalbare Griekse uitdrukkings. As 'n mens normaalweg in die spieël kyk, sien 'n mens 'n beeld wat dit wat voor die spieël gebeur, weerkaats. As die een voor die spieël 'n beweging uitvoer, volg die beeld in die spieël dit na. In die vreemde spieël van die Woord gebeur presies die teenoorgestelde. Die een voor die spieël word hoe langer hoe meer verander om die beeld in die spieël te weerspieël en uit te straal! Die een in die spieël is Christus, die beeld in die spieël van die Woord is die heerlikheid van Christus – sy goedheid, genade, liefde, barmhartigheid en heerlikheid. As ons lank en gereeld genoeg diep in die spieël inkyk na hierdie beeld, word ons stappie vir stappie, stukkie vir stukkie, van heerlikheid tot heerlikheid verander, sê Paulus, om die heerlikheid van Christus te weerspieël. Om dit uit te straal en in die wêreld te versprei. Dis die punt van die hoofstuk. So word die gemeente "lewende briewe" van Christus, sê hy. So leer die wêreld vir Christus en sy heerlikheid ken. Hulle sien Hom en loop Hom elke dag raak, prakties en oral, in die gedaante van die gelowiges. Gelowiges wat voortdurend in die spieël van Gods Woord inkyk en verander word, vernuwe word, van heerlikheid tot heerlikheid.

Sáám gesien, asof met mekaar verenig tot een voorstelling, bied hierdie drie verskillende gebruike van die beeld van die spieël in die Nuwe Testament 'n merkwaardige tekening van die diepste oortuigings van die Christelike geloof.

Ons bely dat ons onsself en die geheimenisse van die lewe nie kan verstaan of deurgrond nie. Ons kyk voortdurend vas in die raaisels en vrae van die lewe.

Miskien ervaar baie mense, ook in ons samelewing, hierdie gevoel vandag selfs nog meer en erger as ooit tevore. Ons leef in 'n verwarrende, pluralistiese, gefragmenteerde, deurmekaar tyd, sê mense wat ons tydvak en tydgees beskryf en verwoord. Daar is sovele rolmodelle wat ons kan vandag navolg. Daar is sovele aansprake op ons lewe, om sus en so te maak – ons word so oorweldig en verwar deur al die keuses en lewensmoontlikhede, dat ons later nie meer weet wie ons self is of wil wees nie. Die bekende Amerikaanse kunstenaar Andy Warhol, dikwels gesien as 'n simbool van ons tydgees, het gesê: "Ek kyk in die spieël en ek sien niemand nie." Hy bedoel

Het jy in die spieël gesien, en ken jy jou?

klaarblyklik: Daar is niemand daar nie, geen self, geen persoon, geen identiteit nie. Hy is niemand nie. Hy weet nie wie hy is, waarvandaan hy kom, waarheen hy op pad is, wat hy doen of waarom nie. Hy is die produk van talle invloede, dinge, prosesse en gebeurtenisse. Hy gaan so op in derduisende verskillende aktiwiteite sonder sin of verband, dat hy in die spieël net raaisels sien, drogbeelde, 'n veelkleurige veelvoud van moontlikhede – soos so baie mense van ons tyd.

Maar die Christelike geloof maak 'n belydenis daarmee saam: te midde van hierdie raaisels en vrae sien ons tog 'n beeld. Ons sien Iemand, Jesus Christus, sy heerlikheid en in Hom sien ons ook onsself op 'n nuwe manier. Ons sien wie ons in God se oë is. Ons sien onsself in Hom as voorwerpe van God se ewige liefde. Ons sien wie ons deur sy genade kan wees en kan word: nuwe mense, kinders van God.

In die spieël van die Woord sien ons vir Jesus Christus en in Hom sien ons die aangesig en hartklop van God. Ons leer God ken en ontdek wie en hoe God waarlik is.

Deur die eeue het die Christelike kerk en geloof van hierdie oortuigings geleef. Min mense het dit meer aangrypend verwoord as die 16de-eeuse Switserse Hervormer Johannes Calvyn. Hy het 'n bekende handboek geskryf, die *Institusie van die Christelike Godsdiens*. Dit is die hoofwerk van sy lewe, bedoel as handleiding vir gemeentelede in sy tyd om hulle te help om die Bybel self te kan lees en verstaan.

Hy begin die *Institusie* met sy beroemde woorde dat 'n mens jouself net kan leer ken as jy God leer ken, en dat jy God slegs kan leer ken as jy ook jouself beter leer ken. Godskennis en selfkennis gaan saam. Die een bestaan nie sonder die ander nie, dis een en dieselfde saak. Hoe leer ons God ken? "In Jesus Christus," sê hy. Jesus Christus is die spieël van God en in Jesus sien ons vir God. "Maar waar leer ons vir Jesus Christus ken?" vra hy. Hy antwoord dat ons Hom in die Woord leer ken, want dis die spieël waarin ons die heerlike beeld van Jesus leer sien, en in sy gesig sien ons die vriendelike, liefdevolle aangesig van God.

Hy sê trouens dat dit is wat geloof is. Dis *faciem Dei contemplari* ("to contemplate the face of God"). Dit is om na te dink, jou lewenslank te verwonder oor hierdie aangesig van God wat ons in Jesus Christus sien. En ons sien Hom in die Woord, waardeur die raaisels van die lewe vir ons 'n bietjie minder dof word. Dís geloof.

Het jy in die spieël gesien, en ken jy jou?

Maar ons moet mooi oplet na die gebruike van hierdie beeld. In al drie gedeeltes is daar sprake van misverstand, van gebrek aan verstaan, van sukkel om te verstaan, van die onvermoë om te verstaan. In 1 Kor 13 lees ons van raaisels. In Jakobus lees ons van mense wat sien, maar dan omdraai en vergeet wat hulle gesien het. In 2 Kor 3 lees ons van 'n sluier wat oor ons harte lê, sodat ons nie onsself, vir Jesus óf God kan sien nie, behalwe as God se Gees ons bevry van die raaisels, die vergeet en die verblinding.

Die Gees maak ons vry, sê 2 Kor 3:17-18, die Gees open ons oë en harte. Die Gees neem die vrae, vergeet en verblinding weg, want waar die Gees van die Here is, is ware vryheid. Dís die vryheid wat Augustinus daardie dag leer ken het, in 386 onder die vyeboom in Milaan, soos soveel voor hom en soveel na hom, tot vandag.